

HOOFTUK II.

VERENGELSING VAN AFRIKANERS.

*Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor . . .
Tot in Vrystaat en Transvaal al, oweral dieselfde kwaan . . .
En ons volk met slaap bevange, droom van vrede, is gerus;
Word hul wakker 't duur nie lank nie, netnou is hul weer gesus.
"Leer maar Engels, dit maak salig!" skree hul uit met groot geraas,
"Hollans sal van self wel kome, Afrikaans is Hotnotstaal!"*

1. STOFFLIKE OORSAKE (v. bls. 8).

Gedurig weer vind ons dat dit die stofflike toestande is wat aanleiding en deurslag by taalsake gee.

(a) STAND VAN HOLLANDS IN SUID-AFRIKA: VOOR 1806.

Die Hollands-Afrikaanse taal het ontwikkel uit die taal van die laer Nedl. volkstande, van mense wat baie min opvoeding of stofflike geriewe in hul vaderland en nog minder aan die Kaap besit het. Die volksbewussyn van hierdie mense en hul afstammeling in S.-Afrika teenoor die uitlandse beamptes het langamerhand geword, maar is veral deur drie episodes versterk:

- (i) Die stryd tussen Adam Tas en W. A. van der Stel;
- (ii) 1795, maar veral *circa* 1812 tot by die Groot Trek;
- (iii) 1899-1902, wat die afsonderlike Afr. gemeenskappe tot een sterkvoelende geesteseenheid saamgesmee het.

"Arm aan edele verbeelding of abstracte gedachten" (Schonken 130), het hierdie mense aan 'n groot (miskien die grootste) gedeelte van die Nedl. taalskat nooit behoefte gevoel nie; baie Nedl. taaleenhede is dus in Nedl. agtergelaat, en baie in S.-Afrika in onbruik geraak—daar was geen stofflike aanleiding tot hul gebruik meer nie. Vandaar die nuwe

konkreetheid van Boere-Afr., wat liever sy seldsame abstrakte begrip omskrywe as om 'n ongebruiklike abstrakte woord te besig. Invloed van Nedl. na 1652 is, so nie heeltemal uitgesluit nie (daar het af en toe nuwelinge uit Nederland in die Kolonie aangekom), tog van beperkte omvang; m.a.w. ons kan 1650 as die toetsdatum aanvaar: 1650 bring 'n feitlik algehele skeiding tussen Nedl. en Afr.¹ Het daar na 1652 Nedl. taalinvloed in S.-Afrika gegeld, dan was dit byna uitsluitlik kultuurinvloed, d.w.s. 'n aangeplakte vernissie, tenspyte van die koloniste se sterk "Vaderland"-sentiment: die laer volkstand het aan groot klasse simbole geen behoefte nie; hulle lees min; in S.-Afrika het die stryd om die bestaan hul energie en aandag in beslag geneem; was die buitelig aantrekliker as die sleg-verligte en -verlugte studeerkamer; het die nomadiese lewe van baie boere en die dunheid van die bevolking isolering tot 'n maksimum gevoer en kultuurinvloede tot 'n minimum beperk; was die onderwystoestande uiters beroerd, en het boeke deur hul afwesigheid geskitter. Tog was daar voor 1806 drie faktore wat in sekere mate behoudend en veredelend op die koloniste se taal ingewerk het:

(i) *Die Kerk*, met Bybel, Gesangboek, 'n paar preek- en liederebundels, en af en toe Vader Cats. Aangesien hierdie invloed al voor 1650 op die toekomstige koloniste ingewerk het, kan daar van behoud van die oue maar nie invoering van die nuwe sprake wees nie. Nuwe taaleenhede kon alleen deur predikante uit Nedl. ingevoer word, en dis te betwyfel of dgl. nuwighede ingang gevind het tensy hulle by reeds bestaande taaleenhede aangesluit en dus minder vreemd voorgekom het.

(ii) *Die Staat*, met Nedl. as offisiële taal, ook van die Regbank. Hierdie invloed geld 'n beperkte kring; na gelang die aantal Nedl. skepe wat by die Kaap aandoen verminder en die koloniste al dieper die land intrek, weg van die tergende beamptes af, word dié invloed tot Kaapstad en die groter dorpe (landdroste en heemrade) beperk.

(iii) *Die Skool*, met Nedl. onderwysers en boeke, was feitlik heeltemal tot Kaapstad en omstreke beperk. Daar

¹ 1600 is miskien beter; vgl. bls 121.

was ook nog 'n paar welgesteldes wat een of twee van hul seuns na Holland gestuur het, maar dgl. invloed was nie noemenswaardig nie. Op die buiteplekke (en mense meer as een uur per kar van die Kaapstad word na 1806 nog as "Buiteliede" beskou—F. C. L. Bosman 163) moes gedroste of afgedankte Kompanjiedienaars (dus die allerswaktse matrose, soldate en laer amptenare) aan die gretige jeug die waarde van die opvoeding vertolk. By Trigardt se trek was daar bv. 'n onderwyser, Daniel Pfeffer, wat nogal beter as die gewone was, en tog maak Trigardt eer met welgevalle as afkeuring melding van voorvalletjies soos die volgende (83): "Is Diederik uit de school gelooopen . . . (Pfeffer) maak de school schoenen." Wie al onderwys gegee het, weet hoe min invloed op die spreektaal van die onwillige jeug selfs deur goedopgeleide onderwysers met die beste hulpmiddels uitgeoefen word; in daardie dae sou dgl. invloed nog minder gewees het.

Om kort te gaan: die Nedl. invloed tussen 1650 en 1806 was bo-op; selfs die Bybel- en die Kerktaal het aan die koloniste slegs geykte uitdrukkings of beeldspraak gegee wat, weens hul aard en gebruiksfteer, nie 'n kragtige invloed op ander taalmateriaal kon uitoefen nie.

STAND VAN HOLLANDS IN SUID-AFRIKA: NA 1806.

Was die invloed van Nedl. voor 1806 flou, na 1806 was dit flouer. Die absolute invloed het wel gegroei, bv. in Transvaal, maar die relatiewe invloed het verminder. *Die Kerk* het weer die sterkste invloed uitgeoefen: selfs na 1859 (Stellenbosse Kweekskool) het Nedl. predikante en sendelinge of in Nederland gestudeerde predikante, hulle nog in S.-Afrika gevestig (vgl. in hierdie en die volgende opsigte "Nederland en Zuid-Afrika," wat die Nedl. invloede volledig bespreek en sterk voorstel); hulle was egter die uitsonderings. *Die Staat* het al spoedig geen Nedl. meer gebruik nie; alleen in die latere republieke kon 'n Nedl. maatskappy soos Z.A.S.M. en Nedl. amptenare soos dié van Burgers en Kruger geduld word. Met *die Skool* het dit nie veel beter gegaan nie; die enigste Nedl. invloed het gevloei uit skoolboekies soos die *Trap der Jeugd*, skole soos die *Tot Nut van 't Algemeen*

(1830 : 300 leerlinge ; 1856 : 230 ; omstreeks 1870 dood-geloop), die Z.A. Athenaeum (wat een-twee-drie verengels en die leerlinge van die Tot Nut af weggelok het), onderwysers soos Changuion, Pannevis en Stucki, en Afrikaners wat in Nederland studeer het. Begryplikerwyse kon dgl. invloede alleen die kulturele bergtippies van die Afr. gemeenskap raak. Dit geld ook van *enkelinge* soos de Lima en Boniface, en selfs van die Nedl. immigrante na 1850. Die invloed van die *Pers* en die *Toneel* was byna net tot die Kaapstad en omstreke beperk ; die moeilikhede van vervoer en geldversending (bv. vir boeke) was te groot. Buitendien ken weinig plattelandse Afrikaners Nedl. so goed dat hulle alles in 'n Nedl. boek kan verstaan en met gemak lees. Gevolg : min trek tot Nedl. leesstof.

Om dié redes is dit hoogs onwaarskynlik dat Nedl. neologismes wat ook internasionalismes of Engels-ismes is, direk uit Nedl. in Afr. kon gekom het. Die saak self verskyn heel eers met sy Eng. benaming ; later, indien by die ontwikkelde Afrikaner die behoefte daaraan posgevat het, en indien omstandighede die vermelding daarvan in die Pers noodsaak, verskyn die Nedl. skrifbenaming as 'n vreemdeling in Jerusalem. Die bewys hiervan word gelewer deur die feit dat, as die Nedl. neologisme met die Eng. ooreenstem, dit in Afr. gebruikliker is as wanneer die Nedl. van die Eng. verskil ; bv. *sneltrein* × *ekspres*, *teemus* × *teacosy*, *skryfmasien* × *typewriter*, *kooldruk* × *carbon* (*paper* of *copy*), *plesiërtrein* × *ekskursietrein*. Verder bewys dat Afr. direk uit Eng. sonder tussenkoms van Nedl. ontleen, word verskaf deur die Eng. woorde wat in Nedl. bestaan maar nie in Afr. nie, bv. *chambercloak*, *city-bag*, *would-be*, *budget*, *whip* (parlement) ; sowel as deur die honderde Eng. woorde wat in Afr. bestaan maar nie in Nedl. nie. Dat daar af en toe wel 'n Engels-isme of internasionalisme direk uit Nedl. in Afr. gekom het, bv. deur die Kweekskool (vgl. *deïsme*, *darwinisme* in Dl. II), is nie onmoontlik nie, maar gesien die bewus-puristiese aard van die Nedl. skryftaal en peis in S.-Afrika teenoor Eng., baie onwaarskynlik. So tref ek *breekwater* in Junie 1857 in die dagboek van 'n Wellingtoner aan (dit is toe besluit om die breekwater te bou), hoewel dit eers teen ongeveer 1885 in Nedl. gekom het (de Vooy's).

Opsomming. “Hoog-Hollands” het nog altyd ’n baie geringe vat op die Afrikaner gehad; binne vyftien jaar na die totstandkoming van die Unie het Afr. alle Nedl. vestings verower, selfs die allerkonserwatiefste: die Kerk. In 1921 skrywe Boshoff 275 nog dat “die offisiële gebruik van Hollands eers geleidelik vir dié van Afr. sal wyk”—sy Nedl. studie het hom ’n oordrewe opvatting van die invloed van Nedl. laat kry. Die verbrandery van Nedl. boeke op een of twee plekke is deur die Kultuurleiers wel ten sterkste afgekeur, maar was tog simptome van ’n onontkenbare volksneiging; die wyse waarop “Dietse Sappe” deur Langenhoven—’n man wat op die gevoeligste wyse die volksiel weerkaats het—bespot is, was verdere aanduidings van die feit dat die spraakmakende gemeente nie aan Nedl. verknog is nie. Selfs dié wat om die een of ander rede probeer “Hoog-Hollands” praat of skrywe of bid (bv. kerkraadslede), bring ’n produk voort wat bewys hoe min invloed hulle lewenslange aanraking met Nedl. (bv. die Bybel) uitgeoefen het.—Daar is egter een sy van die saak wat belangrik is: Vroeër het baie Afrikaners tog probeer Hoog-Hollands skrywe, met die gevolg dat as hulle vandag Afr. wil skrywe, hulle soms Hollandismes gebruik wat (miskien toevallig) met Eng. taaleenhede ooreenstem; bv. *Hy skyn siek te wees*: Eng. *He seems to be ill*: Afr. *Dit lyk asof* . . . Kom dgl. taaleenhede egter in die taal van persone voor wat onder sterk Eng. en flou Nedl. invloed staan, dan is Eng. bevrugting die waarskynlikste, bv. die gewone joernalis.—Soms word gesê dat die verwydering van Nedl. en die aanvoer van Eng. invloed na 1806 ’n belangrike uitwerking op die ontwikkeling van Afr. gehad het. Dit is m.i. onjuis: die Nedl. invloed was nooit sterk nie, en die invloed van Eng. het totnogtoe nie tot die kern van die Afr. taalgewoontes (sy “grammatika”) deurgedring nie.

(b) STAND VAN ENGELS IN SUID-AFRIKA: VOOR 1806.

Teenoor die invloed van Nedl. moet ons die invloed van Eng. in S.-Afrika probeer bepaal. Voor 1806 was daar feitlik geen sprake van Eng. invloed aan die Kaap nie; trouens, eers uit die tweede helfte van die 18e eeu dagteken

Engeland se opkoms op nywerheidsgebied. Daar was wel 'n paar Engelse onder die Afr. stamouers, in die 18e eeu Eng. en Fr. soldate in Kaapstad (bv. Komt. Gordon voer bevel oor helfte van garnisoen in 1786), en verskeie Engelse wat daar gewoon het; maar hulle invloed sou van beperkte omvang wees. Die modieusheid van die inwoners van die Kaapstad (vgl. Wentzel omstreeks 1750), wat deur die koms van die Fr. troepe in 'n "kleine Parys" verander is, het die ingang van die Eng. invloed na 1795 en 1806 egter vergemaklik. Reeds voor 1788 skrywe 'n "Churhannoverische Officier" 'n "Kurze Beschreibung einer Reise von Arcot nach dem Vorgebirge der guten Hoffnung" (vgl. Zoeklicht Apr. 1931) en vertel dat die Kaapstadse vrouens almal "gerieflik gekleed (is) deels in Eng. en deels in Fr. fatsoene"; trouens, in dieselfde tydperk laat die Eng. invloed op modegebied hom in Nederland die eerste merk. Die Eng. besetting 1795-1803 het die voorliefde vir Eng. vorme waarskynlik versterk.¹

STAND VAN ENGELS IN SUID-AFRIKA: NA 1806.

Toe die Engelse die tweede keer die Kaap in besit geneem het, was die posisie heeltemal anders: Engeland was waarskynlik nooit van plan om dit aan Holland terug te gee nie; die "koop" van die Kaap in 1814 was 'n blote vorm. Spoedig het die verengelsing in staatsake begin posvat, ofskoon die eintlike invloed op die platteland eers van ongeveer 1850 dagteken.

KAAPLAND.

By die inbesitneming van die Kaap is belowe:

"The Burghers and Inhabitants shall preserve all their Rights and Privileges which they have enjoyed hitherto"

(10 Jan. 1806); en weer (19 Jan. 1806):

"The Inhabitants of the Colony . . . are to enjoy the same rights and privileges as have been granted to those in Cape Town."

Vroeg het die denkbeeld egter by die Engelse posgevat dat die Afrikaners veral deur die onderwys verengels moes word

¹ Feitlik net tot Kaapstad, en veral die aansienlikes, en veral die dames onder hulle, beperk; vgl. Lady Anne Barnard se verslae van danspartye e.d.m. in die Kasteel; en dr. F. C. L. Bosman se beskrywing van die Hollands-Afr. toneel onder Eng. invloed.

(bv. Genl. Collins 1809). Trouens, die Afrikaners self was verdeeld : sommige was die Eng. bewind vyandig, ander het met hart en siel die Engelse ondersteun en met die Engelse o.a. in die staatsdiens saamgewerk (die Orangiste), en die meeste het hulle dit laat welgeval omdat daar nou 'n beter mark vir hul produkte was. Die diepgaandste verengelsing is dan ook te vind in die families wat reeds hier die Engelse nageloop het. Maar deeglike verengelsing van die Kaapland was onmoontlik : teenoor die 30,000 Afr.-sprekendes was daar, selfs teen 1835, slegs 7,000 Eng.-sprekendes ; die groot getalsoorwig van die Afrikaners moes noodwendig die kunsmatige magsoorwig van die Engelse dwarsboom, temeer omdat die krag van die Afr. volk en taal nie in die kosmopolitiese stad nie maar op die afgesonderde platteland gewortel het en nog wortel.

Hiermee hou die Eng. owerhede egter nie rekening nie ; hulle sienswyse word deur die beroemde sin van Theal vertolk :

“They were a little over thirty thousand in number, and it seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire.” (Progress of S.A., 110.)

In absolute sin is hulle wel 'n klein klompie, maar in relatiewe sin 'n magtige skare. Stap vir stap word die *Staat* verengels, maar tot 1850 misluk die pogings tot verengelsing van die inwoners. In 1813 word 'n kennis van Eng. as 'n onmisbare vereiste vir toelating tot die staatsdiens neergelê. Ook die *Gereghof* sou (proklam. 1822) met ingang 1827 geen Hollands meer toelaat nie hoewel die regspraak self grotendeels Romeins-Hollands bly ; maar hierteen kom sulke sterk proteste dat dit uitgestel en slegs tot bepaalde gedeeltes van die kolonie beperk moet word. Vanaf 1832 is daar egter geen gebied waaroor die Staat seggingskap het waarby Hollands nog toegelaat word nie ; d.i. Eng. is die enigste offisiële taal van die Kolonie. In 1826 word die Eng. muntstelsel, en in 1861 die Eng. mate en gewigte ingevoer.

Maar lord Charles Somerset, geïnspireer deur die Britse Regering, is nie met halwe maatreëls tevrede nie : ook die

skool en die kerk moet bydra "still more closely to unite the loyal Subjects of their Common Sovereign" deur toe te sien dat "the Language of the Parent Country (*sic!*) should be more universally diffused" (Proklamasie 1822). Trouens, sowel *die Kerk* as die Skool is staatsinstellings met deur die Staat gesalarieerde beamptes. Vanaf 1839 is 'n kennis van Eng. dus 'n vereiste vir aanstelling as predikant van die N. G. Kerk. In 1822 skrywe die vroeër reeds aangestelde dr. Thom, nou met verlof in Skotland, as volg aan lord Charles Somerset: "Dis my 'n bron van veel verheuging dat u Lordskap so 'n vaderlike sorg openbaar vir die bevordering van die godsdien in die kolonie" (du Plessis: Murray 21). So meen die ander Skotse predikante en baie van hul gemeentelede ook. Wyd en syd oor die eentalig-Afr. platteland versprei, is hulle egter genoop om die enigste taal te besig wat hul gemeentelede en bure kon verstaan. Weer was dit dus die materiële toestande wat die deurslag gegee het—die Afr. getaloorwig. Nie alleen het hulle vir hulle by die gewoontes van die meerderheid aangepas nie, maar hulle kinders, wat Afr. moeders gehad of met Afr. maatjies aan alle kante grootgeword het, is dikwels heeltemaal verafrikaans. Tog het daar noodwendig, veral in die begin, in Kerktal en -gebruike sekere onvastheid gekom, wat die deur oopgestel het vir verdere verandering. So is Eng. naas Nedl., veral by aanddienste, gebesig; vandag nog is daar Afr. gemeentes waar Eng. aanddienste gehou word. Later het dit selfs sover gekom dat Afr. predikante vir hul Afr. gemeentes Eng. preke moes hou. Veral na omtrent 1863 het "Spesiale Dienste" populêr geword, met hul Amerikaanse opwekkingsmetodes en -terminologie en liedjies (bv. dié van Sankey, Moody, Alexander, later as "Kinderharp" en "Halleluja" in Afr. vertaal). Kerk- en sendingbazaars, jumble- en rummage-sales, met inbegrip van Skotse gelduitslaan-metodes, het al populêrder geword (v. verder bl. 92). Die hele Sendingbeweging het onder Eng. invloed in die N. G. Kerk ontstaan en ontwikkel. Oor die algemeen was hierdie Eng. kultuurinvloed allesins lofwaardig. Ons moet dan ook besef dat in die meeste opsigte die Eng. invloed ons Afr. samelewing onskatbare dienste bewys het.

Wie sou, afgesien selfs van die vormlikheid van die godsdiens en die sielododende preekstyl van die suiwer-“Dietse” dae, wil teruggaan na die bossies-toe-gaan-, velbroek-, vuil pyp-en-spoegperiode met sy “eg-Afrikaanse” ossewa en gebrek aan kultuurinvloede? Natuurlik sou ons samelewing in elke geval deur die Europese stromings aangetas geword het, maar dit sou baie flouer en stadiger plaasgevind het (v. bls. 113). In allerhande kleiner opsigte het die Kerk ook onder Eng. invloed verander, bv. die gesang voor en na die diens, die blomme voor die spreekstoel, die opstaan wanneer gesing word, die Pinkster-en-Lydens-bidure, selfs die domineesse kleredrag. Dgl. invloede is veral by stedelike gemeentes te bespeur. So het ook taaleenhede soos: die inwonende Gees, LiewenHeertjie, opgeroep na hoër diens, sy is na huis, die God van die Ou-Testament moet uitgeleef word; sendingstasie, mediese sendeling, buitepos, ens. in Afr. verskyn. Belangrik is ook die uit Engeland afkomstige Sondagskool met al sy gebruike, die twee C.S.V.'s (Studente en Strewers) uit Amerika, Kindersendingkrans, Eng. Sondagblaadjies (bv. “Sunday at Home”), ens. Die Eng. taalinvloed bly egter beperk; trouens, die kerktaal is betreklik stereotiep en dus nie maklik beïnvloedbaar nie.

By die Kerk sluit *die Skool* hom ten nouste aan. Na 1812 is Skots-Eng. onderwysers ingevoer, en staatskole met kostelose onderwys (maar net Eng. en Latyn), op al die vername plekke in die Kolonie opgerig. Hoewel die onderwys in dié skole vir daardie dae uitstekend was, het die Afr. ouers liever op eie onkoste partikuliere skooltjies met Hollands as voertaal en onderwysvak gestig as om van die Eng. skole gebruik te maak. Orals wen die partikuliere skooltjies veld terwyl die Eng. skole leegloop (in 1875 het hulle uitgesterf). Dan probeer die Regering 'n ander politiek volg: nie meer skokkende kragmaatreeëls nie, maar geruststellende toegeeflikheid. Hy erken dus die skooltjies. In 1834 word Holl. as leervak toegelaat waar die ouers dit verlang. In 1839 maak Sir Geo. Napier in sy “Government Memorandum” voorsiening vir die onderrig van Hollands—maar teneinde uit Holl. in Eng. te kan vertaal en sodoende “a sound grammatical knowledge of the Eng. language” op

te doen. Onder Supt.-Genl. Innes (1843) word ondersteuning aan skole met Holl. as voertaal gegee, mits Eng. onderwys word. In die Preface van 'n "First Book of Exercises" (grammatika en oefeninge) in dié jaar met behulp van Changuion gepubliseer, word gesê :

"This Elementary Text Book is the first of a series which is being prepared, with the view of enabling the Dutch pupils in the Government Schools to study their own language in its pure form, and, through the medium of their own to acquire a correct and intimate knowledge of English." (Ek kursiveer.)

Die Boerebevolking was nooit onwillig om Eng. te leer nie, sodat na hierdie maatreëls uitgevoer is, daar in 1845 twaalfmaal soveel kinders in die Staatskole was as in 1839. Veral van hierdie tyd af dateer die toename van die Eng. invloed op die platteland ; in 1859 kom S. G. O. Dale selfs by 'n plattelandse skool waar die kennisgewing pryk : "It is forbidden to speak Dutch." Met behulp van die Eng. leerboekies waaruit hulle Holl. leer, begin hulle hul kennis-making met Holl. deur middel van die Eng. alfabet : djee-ei-ei-aar, jaar ; eitsj-joe-joe-aar, huur. Geen wonder dat die Afrikaner soos die meeste Inboorlinge en baie Kleurlinge vandag, gemeen het dat Eng. ken, opvoeding is. Ook by die inspeksie was Eng. eerste, en Afr. nêrens, met die gevolg dat minder aandag daaraan bestee is : "resultate"—dit moet die onderwyser kry of hy kom in die moeilikheid. Deur Onderwyswet no. 13 (1865) word "grants-in-aid" ingevoer en Eng. as die enigste voertaal neergelê. By die instelling van die onderwyserseksamen in 1873, was Holl., saam met die Bantoetale, fakultatief ; by die oprigting (deur die N. G. Kerk) van die eerste normaalskool wat sukses gehad het, was Holl. geen leervak nie ; by die uitvaardiging van die Universiteitswet (1873), was Eng. die allerbelangrikste vak en is Holl. nie eens vermeld nie ; by die invoering van die School Elementary Examination (1879) was Holl. geen eksamenvak nie. Daarna begin die toestande, altans op die wetboek, langamerhand verander.

Die verandering het saamgehang met die veranderende politieke strominge. Namate volksverteenwoordiging uitgebrei het, kon die meerderheid van die volk groter invloed uitoefen. Oor die algemeen het die Afr. kiesers heeltmaal

onverskillig teenoor Verteenwoordigende (1853) en Verantwoordelike (1872) Bestuur gestaan, aangesien Eng. die enigste taal was wat in die Volksraad toegelaat is en net mense wat Eng. goed kon praat dus hul kiesers se behoeftes in die Raad kon uiteensit. Die kentering kon nie uitbly nie. Die Transvaalse Vryheidsoorlog het hiertoe baie bygedra.

In 1879 word, op voorstel van die "Patriot"-leier, ds. S. J. du Toit, die Afrikanerbond gevorm; in 1880 bespreek die N. G. Sinode die vraagstuk van Holl. in die Parlement, en stel 'n kommissie aan; in 1881 stroom die petisies dienaangaande na die Parlement, hoewel Onze Jan se mosie misluk; in die volgende jaar ontvang Holl. gelyke regte en word die eerste Holl. toespraak in die Parlement gelewer.

Ook die plaaslike bestuur, vroeër vernietig deur die afskaffing van landdroste en heemrade, het intussen uitgebrei en Eng. vorms aangeneem: munisipaliteite, afdelingsrade, en dorpsbesture, en ook hulle word almeer tweetalig.

Die volksbelangstelling en die volksinvloed groei gestadig aan en laat hom ook in onderwyssake geld. Die eksamen wat toelating tot die "Lower Division of the Civil Service" verskaf het, het bepaal dat elke kandidaat 'n Eng. toets moes aflê, "and also in either the Dutch or the Kaffir languages; provided that the examination in the Dutch or Kaffir languages may be dispensed with . . ." Hierdie gelykstelling van Holl. met "Kaffir languages" het die Afrikaners diep gegrief, en in 1886 word Holl. 'n verpligte onderwerp vir alle nuwe aanstellings tot die staatsdiens. Reeds in 1882 het die wetboek die skoolraad in elke besondere geval die reg verleen om te besluit watter voertaal in die skool gebesig sal word; maar so gretig was die Afr.-sprekendes om Eng. so goed moontlik aan te leer, dat dit baie min verskil in die staat van sake gemaak het. Die totstandkom van die Taalbond in 1890 bring hierin langamerhand verbetering aan deur onderwysers en leerlinge aan te moedig om werk van Hoog-Hollands te maak. Teen die end van die 19e eeu geniet die skole dus wetlik die reg op vrye voertaal, maar gaan voort met die Eng. voertaal omdat die Afrikaners dit wou hê en die onderwysers (selfs Afr.-sprekendes) onbevoeg was om die vakke in Holl. te doseer.

Met die *Universiteitstelsel*, altyd uiters konservatief, en met sy wortels diep in die Middeleeue, was dit veel slegter gesteld. Nie alleen was die hele stelsel (soos ook die skole) met wortel en tak uit Engeland in S.-Afrika oorgeplant nie, maar die produkte van die Eng. skole het niks anders verlang nie. In 1867 moet Onze Jan die Graaff-Reinette Kollietsj aanval:

“Het is inderdaad een schande dat aan een opvoedingsinstituut als het Graaff-Reinette College, gevestigd door een Hollandsch-Afrikaansche bevolking en voornamelijk bezocht door zonen van Hollandsch-sprekende ouders, volstrekt geen voorziening is gemaakt voor het geven van grondig onderricht in de Hollandsche taal.”

Die sienswyse van Langenhoven omtrent Afr. (Holl.) gedurende sy studentetyd op Stellenbosch, is welbekend. Baie stadig het die Universiteite ook hierin verbeter. Begryplikerwyse is die invloed van die Universiteit baie beperkter in omvang as dié van die skole.

Naas die verengelsing deur middel van Staat, Kerk en Opvoeding, die owerhede “likewise paved the way to the amelioration now contemplated” (Proklamasie 1822) deur die van-huis-uit-Eng. bevolking te vermeerder. Die vermeerdering van die Eng.-sprekende bevolking deur middel van staatsondersteunde e.a. *immigrasie* het tot 1830 soos volg plaasgevind:

Voor 1820	=	1,078
1820	=	4,300
1825-1832	=	1,190
D.w.s. ongeveer		7,000 Eng. t.o. 30,000 Afr.

(Die ongeveer 30,000 Afr.-sprekende kleurlinge word nie eens ingesluit nie.)

Die immigrante het hulle nie alleen in die O. Provinsie nie maar ook in ander streke ter woon gevestig (bv. Calvinia, Clanwilliam), of daarheen getrek. Omring en in die boerdery deur die Afr.-sprekendes ingewy, het hulle met laasgenoemdes op vriendskaplike voet verkeer (bv. i.s. naturellepoltiek); party verafrikaans gedeeltelik en ander heeltemal. Die Anti-Bandiete-Agitasie (1848) haal die bande tussen die twee gemeenskappe nouer aan.

Maar die eintlike vermeerdering van die Eng. bevolking vind plaas as in 1867 die diamant- en in 1873 die goudmyne ontdek word. Voortaan stroom Eng.-sprekendes, groot getalle onder hulle van die Amerikaanse goudvelde, die Kaapland, O.V.S. en Transvaal binne. Die *handel en nywerhede* ontwikkel verbasend snel, en die Eng. handelswêreld oorskadu S.-Afrika nog meer as die res van die wêreld. Eng. ambagsmense, dokters, advokate en agente verskyn op die toneel in steeds aangroeiende getalle, veral in die handel- en mynentra. Waar tevore die ossewa sukkel-sukkel die Eng. Kolonies en die Afr. Republieke verbind het, snel mense en goedere nou heen en weer per trein : S.-Afrika is voortaan een ekonomiese geheel. Die invoer neem toe ; die stede ontwikkel ; die lewenswyse en -peil word verhoog ; die nuwe toestande en die lae lone op die plase dwing baie Afrikaners na die stede, waar hulle in Eng. omgewings en in Eng. fabriek werk soek. Volgens statistieke van die N. G. Kerk, het die aantal siele in sy gemeentes in die nege grootste stede, van 40,500 in 1905 tot 104,600 in 1930 vermeerder ; in plekke soos

Port-Elizabeth	van	500	tot	8,700
Oos-Londen	„	750	„	3,250
Maritzburg	„	800	„	2,068
Durban	„	0	„	2,447.

Die verandering van woonplek, en die verbreking van die sterk plattelandse bande, gee die skielik inwerkende nuwe invloede soveel te groter geleentheid om die verhuiser se hele lewensopvatting te wysig.

Van alle kante dus het die Eng. invloed op die Afr. gemeenskap na omstreeks 1860 toegestroom. Die gang van die stoflike verengelsing was min of meer die volgende :

(1) **Stede.** Taamlik vroeg het die Kaapstad en die grootste dorpe tekens van Eng. invloed getoon, veral wat owerheid en “refinement” betref ; vandaar dat die vroegste taalinvloed sake gegeld het soos—

juts, koort, jurie, regulatiën (Kaapsche Courant 1818), *acteerende leden* (Id. 1817), *tenders, sterlinggeld* (1836 : Boniface by Bosman : Drama 337), *applicatie* (S.A. Chronicle 1826), *bill, convict, enter, policeman,*

settelaar (van *bill* af by Changuion), en *fancy dress* (1819), *bende*, *guitarre*, *Messrs. Mr.* (1813), *hornpipe* (1815), *boxes* (loges), *actie* (van 'n toneelspel, Eng. *action*), *Turf club* (Stellenbosch 1829; reeds in 1797 op Groenpunt), *patronagie*, *dramatike stukken*, *dandy*, *hint*, *honeymoon*, *inbreek* ('n perd—resies?), *lyn* (reël), 'n *wandeling neem*, 'n *meeting*, *particulier* (punteneurig), *pony*, *set* (stel), *sien*, *sideboard* (van *dandy* af almal by Changuion).

Die rykes vroeër as die armes, die vrouens eerder as die mans, die jonges gouer as die oues—so het die stedelinge die Eng. kultuur aangeneem. (Vgl. Burchell I, 20 *seq.*: Dames gekleed “quite in the English fashion”; 1810).

(2) **Dorpe.** Die afgesonderder dorps- en buitemens het dieselfde weg begin wandel eers na omstreeks 1850.

(3) **Plase.** Vandag nog is daar op plase verweg van die treinspoor baie min Eng. invloed te bespeur.

BUIITE KAAPLAND VOOR 1902.

Weens die Eng. taalinmenging en wanbestuur i.s. hul stoflike welvaart, het 'n groot aantal van die Afr.-sprekendes teen omtrent 1840 Kaapland verlaat, en hulle in nie-Eng. dele van S.-Afrika gevestig. Hoe het die Eng. invloede op hulle ingewerk?

Toe die Groot Trek plaasgevind het, was Afr. as taal reeds gevorm, en het Eng. dit slegs dertig jaar lank beïnvloed. Tog was daar al woorde wat die Trekkers uit Eng. ontleen het, bv. *juts* en *dres* (by Trigardt). Trouens, hulle het al Eng. kultuurelemente ontleen soos die “Boere”-kappie, verder het Eng. smouse deur-'n-tyd nog die Boere besoek (bv. Robt. Scoon 1836, McDonald 1834), en mettertyd vaste winkels of handelsentrumpies gevestig, waar die boere gewoonlik een- of tweekeer per jaar hul velle en ivoor vir gewere, skietgoed, saad, plantjies, kleregoed, en huishoudelike benodigdhede kom verruil het. Het hulle geld gebruik, dan was dit Eng. Op dié manier kon Eng. woorde ook by hulle ingang vind, bv. *Prysie Redman* (Price en Redman—geweer), *bokskynbaadjie* (buckskin), *penny*, *sieling* ens. Natal het slegs kort aan die Eng. oorheersing ontsnap, en was na die vertrek van die Boere nog nooit iets anders as Eng. nie. In die skoolstelsel is vanaf 1856 altyd spesiale begunstiging aan Eng. verleen, en nooit 'n woord van Holl. gerep nie.

Die **Vrystaat**, wat daarenteen vandag nog oorweënd Afr. is, het aan die Eng. invloed in groot mate ontsnap deur Engeland se toeëiening van die diamantvelde. Tog het daar gedurige aanraking tussen die O.V.S. en die Kaap plaasgevind; predikante, amptenare, onderwysers, dokters, handelaars, koloniste en presidente het van die meer Eng. omgewing van die Kolonie gekom en die Vrystaters ongemerk aangetas. Weens die Vrystaat se intieme betrekkinge met die diamantvelde en die Kaapse Regering, was dit noodsaaklik dat sy beampptes tenminste tweetalig moes wees. Die welgesteldes was meestal handelaars, dus gewoonlik Engelse of Kapenaars. O.a. was daar heelwat Eng., Skotse en Ierse families in die Vrystaat, wat so verafrikaans het dat hulle gedurende die Boer-oorlog teen die Engelse geveg het. Ramsay Macdonald sê van hierdie tydperk (8):

“The two peoples began to mix in communities and families beyond the Orange River; the children of the Boers began to be educated in English manners and habits and spoke English with pride.”

Die Vrystaatse onderwysstelsel moes hiervoor voorsiening maak. By die Grey-Kollege was Holl. die hooftaal, maar moes Eng. as 'n taal onderwys word. In die dorpskole was Eng. 'n vereiste vak, terwyl dit op die buiteskole fakultatief was. Dit word wetlik vasgestel deur die reglemente van 1863, wat verder vereis dat die onderwysers tweetalig moet wees. Die onderwysers was meestal Engelse. Britte het ook ander belangrike betrekkinge beklee, bv. bestuurders van die onderwys en van die spoorweë. Kortom: Selfs in die Vrystaat is 'n kennis van Eng. as uiters belangrik beskou, dikwels ten koste van Afr. Veel direkter Eng. invloed is in die **Transvaal** uitgeoefen. Wat Cloete in 1898 in die Vrystaatse Volksraad sê, geld veral van die Transvaal:

“De handel van de Staat wordt uitsluitelijk in de Engelsche Taal gedreven, en door gebrek aan kennis van dié Taal zal menig kind gedwarsboomd zijn in zijn toekomstig loopbaan.”

Trouens, die vernaamste bestaansmiddels van die Transvalers was die mynindustrie en die handel, wat altwee in Eng. hande was; gevolglik moet die Afrikaners Eng. ken as hulle vooruit wil gaan. Baie Afr. prokureurs het selfs Eng.-eentalige “briefhoofde” gehad. Die Afr. drukpers van altwee Republieke was tweetalig (bv. *De Vriend, De Volksstem*). Slegs